

WELKOM IN ALFAVILLE

“Ons is amper daar, bhuti, is jy wakker?” vra die taxi-bestuurder oor sy skouer vir my.

WELKOM IN ALFAVILLE, staan op ’n bord by die dorp se ingang. Ons ry verby ’n klomp stowwerige huise en ’n skool.

Ek skuif regop en probeer om nie te gaap nie. Die tannie wat langs my sit en slaap se vlegseltjies kielie my arm terwyl haar kop vorentoe knik. Sy snork saggies. Dis nog lank nie aand nie, maar ons ry al van vanoggend vroeg af en ek dink almal in die taxi is moeg.

Ek druk my gesig teen die venster om beter te kan sien. Die huise waar ons verby ry, lyk vir my maar erg outyds en lelik. ’n Mens sal dink party van hulle is ’n honderd jaar laas geverf. Alfaville gaan beslis nie die prys vir Dorp van die Jaar wen nie.

Dit voel of die straat en die huise vir altyd aanhou.

Net toe ek begin wonder of die plek darem winkels ook het, draai ons links in die hoofstraat in.

Die hoofstraat se naam is Hoofstraat. Glo my maar – ek kan nie so iets opmaak nie. Hoofstraat lyk darem soos ’n hoofstraat, met meer winkels en besighede as huise. ’n Rooi sportmotor jaag verby ons.

So, dís nou Alfaville, die dorp waarvan amper

niemand al gehoor het nie. Die dorp wat so ver uit die pad is dat geen bus ooit hier verby ry nie, en dis presies hoekom ek met 'n taxi tot hier moes kom.

Ma wou eers niks daarvan hoor dat ek met die taxi ry nie, maar oom Dolf kan baie oortuigend wees as hy die dag lus het. Hy het nie kans gesien om 'n ompad van twee honderd kilometer te ry, hier by Alfaville verby, op pad na die Kaap se lughawe toe nie. En dalk, as 'n mens pasgetroud is en uitsien na jou wittebrood in Fidji, sê jy makliker ja wanneer jou nuwe man aandring dat jy jou twaalfjarige seun op 'n taxi sit na 'n dorp in die middel van nêrens. Buitendien is ek al amper dertien, het oom Dolf gesê.

Ma het nogtans baie bekommerd gelyk toe die propvol minibustaxi my vanoggend vroeg by die huis opgelaai het. Maar sy was verniet bekommerd. Dit was die coolste rit ooit! Almal was vriendelik en vrolik, ons het heelpad na lekker musiek geluister en ten minste drie mense wou hulle padkos met my deel. Ons was soos een groot taxifamilie, en ek het nie een keer na Ma verlang nie. Ek dink dit sou maar boring gewees het op 'n bus. Buitendien loop ek eerder voor ek vir soveel ure saam met oom Dolf in 'n kar ry.

Die taxi hou stil. My gesig is nog teen die venster vasgeplak. Ons het voor 'n wassery gestop. Is dit die regte plek? Sover ek weet, maak oom Jake karre reg, hy was nie wasgoed nie.

“Oukei, bhuti, hier is ons.”

Ek draai my kop na die taxibestuurder en sien dat hy deur sy venster na 'n werkswinkel aan die oorkant van die straat beduie. *Jake's Auto Repairs*, staan teen die muur bokant die een ingang geskryf. Dit is die regte plek.

My ore begin suis. Ek het oom Jake laas gesien toe ek klein was, nie dat ek dit kan onthou nie. Dit was toe my pa nog geleef het. My pa was sy ouer broer, maar vandag is oom Jake 'n vreemdeling vir my. 'n Vreemdeling, by wie ek vir twee weke moet kuier terwyl my ma en oom Dolf wittebrood hou.